

HOOFSTUK 4.

OORERWING.

Wie die vergelykinge in die volgende hoofstukke sorgvuldig na-gaan, sal getref word deur die opvallende ooreenkoms wat telkens aangetoon word in verband met uitdrukkinge uit die Nederlandse en Duitse tale. In die meeste gevalle is daar 'n soortgelyke of parallelle vergelyking in die stamtale aan te wys. Slegs die afdeling wat handel oor vergelykinge by die selfstandige naamwoord bevat omvangryke groepe wat bestaan uit tipies-Afrikaanse volksgesegdes. In die meeste van hierdie voorbeelde het ons te doen met speels-spottende toepassinge op die liggaamsdele van die mens, maar selfs hier, waar die Afrikaanse volksgees hom in sy vindingryke vrugbaarheid openbaar, kan in baie gevalle 'n verrassende ooreenkoms met ander tale aangedui word.

Dit sou egter noodlottig wees om bloot op grond van sulke gewens oorerwing sonder meer vir alle gevalle aan te neem. Die spreekwoord in die algemeen lewer al genoeg moeilikhede op wanneer beslis moet word tussen oorerwing of nuutskepping. By die vergelyking word die vraagstuk nog ingewikkelder. Die gees en die fantasie van die mens werk orals in dieselfde rigting, en waar die wesenlike omgewing en die algemeen-menslike ervaringe en waarneminge in die reël min afwykinge vertoon, is dit heeltemal aanneemlik dat dieselfde vergelyking op verskillende plekke telkens opnuut kan ontstaan.

Die Nederlandse verslaggewer wat skryf: „blubberend als ein maizenapuddinkje in een rydende restauratiewagen”¹⁾ maak gebruik van dieselfde beeld as die Afrikaner wanneer hy praat van **bewe soos jellie op 'n vurk**, maar dit is tog duidelik genoeg dat die twee uitdrukkinge geheel en al selfstandig tot stand gekom het. Dit is bloot 'n geval van 'n parallelle appersepsievermoë wat lei tot parallelle voorstellings.

In baie gevalle sal dit moeilik wees om ooit met sekerheid te kan uitmaak of 'n mens werklik te doen het met 'n geërfde uitdrukking of met 'n spontane skepping. Is daar wel verband tussen Ndl. **Het is gelijk een oudewijfs kerkgang** en Afr. **so stadig soos 'n**

¹⁾ De Telegraaf 1/11/'36.

ou vrou wat nagmaal-toe gaan? Daar is bv. geen sprake van samehang tussen Afr. 'n wye mond soos 'n goewermentspossak en Ndl. een mond als een brievenbus nie. Net so kon 'n bors soos 'n trekos, hardloop soos 'n perd ('n windhond), brand soos 'n netel herhaaldelik opnuut ontstaan het sonder dat daarin noodwendig Nederlandse invloed gesien moet word.

Sulke grensgevalle is o.a. die volgende:—

Ndl. Hij stinkt als een veenboer tusschen zijne teenen; Afr. stink soos 'n stalkaffer se pote.

Ndl. Schreeuwen als een Jood, die gebrandmerkt wordt; Afr. skree soos vyf vrouens en 'n Jood.

Ndl. „Je kan toch niet als Lord Wanhoop op het land gaan staan”; Afr. hy staan daar soos Lord wie-weet-wat.

Ndl. Dik als een das; Afr. so rond en dik soos 'n dassie.

Ndd. He sütt ut, as wen he de Höll blaset hedde; Afr. Hy lyk soos 'n wit Hotnot wat uit die hel weggevlug het (d.w.s. rooi in die aangesig).

Duits: He löppt as 'n Kiwitt; Afr. hardloop soos 'n kiewiet.

Hgd. Er hat Augen wie ein Schellfisch; Gron. oogen as 'n schelvis; Afr. uitpeul-oë soos 'n vars vis.

Ndd. He springet as en kopplosen Hahn; Afr. rondspring soos 'n hoender wat nekomgedraai is.

Hgd. Es ist ihm so gesund, wie das Grass das Hund; Afr. Hy's vandag weer soos 'n hond wat groen grassprietjies seek.

Slegs waar 'n besondere vergelyking in die 17de-eeuse volkstaal aanwesig was of in 'n bepaalde betekenis in die Nederlandse of Duitse dialekte teruggevind kan word, kan ons oorerwing as 'n feit beskou. Hier kom natuurlik ook in aanmerking die sogenaamde gemeengoed wat in verskillende tale spreekwoordelik geword het, vgl. so hard soos 'n klip, so lig soos 'n veer, so swart soos 'n raaf (. . . soos kool), so eners soos twee druppels water, so rooi soos 'n kalkoen, kruip soos 'n slak ens.

Die 17de-eeuse klugte lewer 'n vrugbare terrein vir ondersoek. Baie van ons bekendste vergelykinge kom daarin voor: So kaal soos 'n rot, so nors soos 'n buffel, so stil soos 'n muis, so reg soos 'n roer („So wis as Gijsjens roer, je macher op betrouwen”—van Moerk., bl. 169), lyk soos 'n verdrinkte kat („Hij sagter uit als een verdroncke kat”—Van Vloten 2-61), so duidelik soos daglig (vgl. Mnl. klaer as de dag).

Die Afrikaanse vergelyking vertoon dikwels sowel in vorm as in toepassing 'n verrassende ooreenkoms met die uitdrukkinge uit die stamgebied:—

Afr. So lastig soos my geld (of: jy pla my meer as my geld) (veral teenoor kinders gebruik)—Gron. *Doe ploagst mie meer as mien Geld*, schertsend, en vooral tegen kinderen; gij zijt lastig. (Molema 118).

Afr. Voel soos 'n kat in 'n vreemde pakhuis (ontuis) Gron. *Kieken as 'n koater in 'n vremd pakhoes* (van iemand die vreemd opziet, wanneer hij in een gezelschap komt, waarin hij zich niet thuis gevoelt) (Molema 199); Ndl. *Hij zit als een kat in een pakhuis*.

Afr. So taai soos 'n stuk leer (van vleis gesê) in dieselfde gebruiksfeer bekend in Ndl. *zoo taai als hondeleer*, Gron. *toai as pis-leer*, Ndd. *taoh asse Rindleär*.

Malherbe noem by Afr. loop asof hy 'n laaistok ingesluk het 'n variant uit Ndd.¹⁾ Die uitdrukking kom egter in Duits voor, letterlik soos in Afrikaans: *Er geht, als hätte er einen Ladestock verschluckt* (sehr steif).²⁾

Afr. Geld so skaars soos vere op 'n padda is bekend in Frans, Duits en Nederlands (*hij is van geld voorzien als eene pad van veeren*); vgl. in verband hiermee Afr. *as die hingste vul of die paddas vere kry*, so kaal soos 'n padda, Ndl. en Vls. *naakt als een puut, paddemoedernaakt*.

Afr. so rooi soos 'n kalkoen (veral van iemand wat hom bloedig vererg het); in dieselfde betekenis ook in Nederlands, Duits en Engels.

Afr. So dronk soos 'n hoender . . . Gron. *zoo dronken as 'n haon zonder kop*; hierdie bekende Afrikaanse uitdrukking kan net sowel verband hou met die voorstelling *so dronk soos 'n hoender (sonder kop)* as met *so dronk soos 'n hoender (in die donker)* wat deur Malherbe genoem word.³⁾

Alhoewel *geld soos bossies* die mees gebruiklike vergelyking is, word *geld soos water* ook in die Afrikaanse volkstaal gehoor; vgl. Ndl. *geld als water verdienen*.

Afr. Op 'n perd sit soos 'n sak ertappels (meel, sout, mielies) . . . Ndl. *te paard zitten als een zoutzak, zandzak, meelzak, wortelzak*.

Afr. Verdwyn soos perdepoe in die maanskyn (of: voel soos 'n verdwaalde poep in die maanskyn) . . . Duits: *et verschwind't wie de Peerdsdreck öm Manschien*.

Afr. Eet soos varke (d.w.s. sonder om te bid aan tafel) . . . in dieselfde betekenis ook in Nederlands bekend, vgl. Gron. *as de zwienen an de bak gaan*.

Afr. Slaap soos 'n haas (d.w.s. met oop oë) . . . ook Hgd. *er schläft wie eine Hase*.

Afr. So dom soos 'n padpredikant; Hgd. *dumm wie eine Wegweiser*.

Afr. 'n Geheue soos 'n hoender; Hgd. *er hat ein Gedächtniss wie*

¹⁾ Vgl. Malherbe, bl. 249.

²⁾ Frischbier, bl. 126.

³⁾ Vgl. Malherbe, bl. 205.

ein Hahn; Ndl. je kenne net zoo lank onthouwen as en haan en koren pikt.

Afr. Eet soos 'n voëltjie; Hgd. er isst wie ein Vögelein.

Afr. Kinders soos orrelpype; Hgd. kinder wie Orgelpfeifen.

Afr. So maer soos 'n geraamte; Ndd. he is so mager as en Riff.

Afr. So onverwags soos 'n blits uit die blou hemel; Hgd. wie ein Blitz aus heitrer Luft.

Afr. Lyk soos 'n opgestopte varkwors; Ndd. he sūt út as 'n út-stoppede Mettwoerst.

Afr. Dit pas soos 'n bril op 'n vark; Duits: das stoht ihm wie der Sau die Brilla.

Afr. So dors soos 'n spons, drink soos 'n spons; Hgd. durstig wie ein Schwamm.

Woordelike ooreenkoms met uitdrukkinge uit die stamtaal is meer reël as uitsondering. Die volgende willekeurig-saamgestelde groep sal verduidelik:

So seker soos amen in die kerk (reeds Mnl; veral in Duitse dialekte); so arm soos 'n luis (Ndl., Ndd., Gron. ens.); so dik soos 'n padda (Ndl., Ndd.); so dronk soos 'n kat (Gron.); so lelik soos die nag (algemeen in Ndl.); my hart klop vir jou soos 'n lammertjie se stert (Duits, Ndl., veral in Noord-Holland); lewe soos 'n hond (d.w.s. sonder God en sy gebod) (Ndl., Duits en Frans); lyk soos een wat van die galg gewaai het (Ndl. en Duits); spoeg soos 'n reier (Ndl. en Duits); staan soos 'n natgereënde hoender (Duits); swem soos 'n baksteen (Ndl., Ndd., Hgd.); dit smaak soos skottelgoedwater (Gron., Ndd.); pas soos 'n deksel op 'n pot (Hgd.); hare soos ystervarkpenne (Ndl.); 'n keel soos 'n tregter (Ndl.); soveel van iets weet as my klein toontjie (Ndd.); so doof soos 'n klip (Ndl.); so droog soos hooi (Ndl.); so dun soos 'n windhond (Ndl.); so krom soos 'n sekel (Ndl., Hgd.); so maer soos 'n sprinkaan (Ndl.); so onnosel soos 'n blok hout (Vls., Eng); so regop soos 'n kers (Ndl.); so styf soos 'n bok (Ndl., Hgd.); drink soos 'n tregter (Ndl.); klou soos klits (Ndl.); lieg soos 'n ketter (Ndl.); skree soos 'n maer vark (Ndl.); bene soos vuurhoutjies, soos 'n reier (Ndl.); 'n gesig soos 'n vol maan (Ndl., Vls.); 'n nek soos 'n reier (Ndl.); tande soos 'n eg (Ndl.).

In enkele gevalle word die algemene gedagtegang gevolg hoewel die vergelyking geen letterlike ooreenkoms meer vertoon nie. Die voorstelling bly in sy algemeenheid onveranderd en die oorspronklike begrip word gehandhaaf, al wissel die vorm van die gesegde. Daar sal bv. min twyfel bestaan dat Afr. hy het vir godsdiens net so min respek soos 'n tweejaaroud bulkalf vir sy moer verband hou met Ndl. hij heeft haar so lief, als een oud paard zijn moer en Hgd. er hat ihn so lief, wie ein altes Pferd seine Mutter. Die ooreenkoms tussen Afr. plat op sy pote soos 'n dragtige vlooi en Ndd. du löpst as 'n drachtig'n Swinegel berus seker nie bloot op toeval nie. Afr. verdwyn

soos 'n groot speld (in 'n hooimied) bevat dieselfde kernvoorstelling as Hgd. etwas wie eine Stecknadel in einem Fuder Heu suchen en Fr. c'est chercher une aiguille dans une botte de foin; Afr. so onmoontlik as wat 'n muggie 'n volstruiseier kan uitbroei kom baie na aan die Duitse voorstelling: Wenn die Mücke ein Hühnerei legen will, ist's ihr Tod.

So'n algemene ooreenkoms in voorstellingswyse kan herhaaldelik aangetoon word:—

Afr. sing (lag) soos 'n hond wat mosterd op sy tande het; Ndl. *kijken als een hond die mostaard geëten heeft, lachen als een bok die brandnetels vreet.*

Afr. my hart klop vir jou nes 'n nat lap; Hgd. *Sein Herz ist weich wie Wischlappen.*

Afr. 'n gesig soos 'n driejarige droogte, . . . soos 'n donderstorm; Ndl. *een gezicht als een donderwolk*; Gron. *'n gezicht als drei doag slecht weer*; Hgd. *er macht ein Gesicht wie drei Tage Regenwetter, wie sieben Meilen schlechter Weg.*

Vergelyk ook die opvallende ooreenkoms in die volgende. Afr. loop soos 'n hen wat nes soek (Ndl. *zij loopt rond als eene hen die een ei moet leggen*); so maklik as om botter met 'n warm mes te sny (Ndl. *dit gaat er door gelijk het mes door de boter*); hy kry meer slae as kos (Gron. *sloag kriegten as brood*); hy beteken soveel as 'n nul op 'n kontrak (Ndl. *ievers gerekend worden gelijk eene 0 in het cijferen*); 'n gesig soos 'n kalkoeneier (Ndd. *so bunt as 'n Kunenei*); praat soos 'n koffiemeul (Ndl. *rammelen gelijk een klettermolen, een klappermolen*); oë soos pierings (Gron. *oogen as 'n dobbeljrke*); stink soos 'n muishond (Ndl. *stinken als een bunzing*).

Die voorstellingsinhoud van die vergelyking kan gewysig word onder invloed van nuwe omgewingsfaktore; „As all idiomatic phrases and figurative expressions have been derived from the names of every day things . . . a number of these phrases and expressions of genuine Netherlandish Dutch gradually fell into disuse, because their pith and point were no longer appreciated. . . . The different seasons, fruit, animals, and matters of every day life which are found in Holland, are here unknown, and so their names too were dropped.”¹⁾

Die voorwerpe waaraan die oorspronklike assosiasies verbonde was, maak plek vir ander wat in 'n nouer verband met die nuwe omgewing staan. So verskyn Ndl. staan alsof men het te Keulen hoort donderen in Die Brandwag: „Hy staan verbaas . . . asof hy dit hoor onweer in Johannesburg²⁾; daarom word Ndl. als het een

¹⁾ Mansvelt in die Cape Monthly Mag., 3-145.

²⁾ Die Brandwag 1910, bl. 19.

hond was, had hij u in de beenen gebeten¹⁾ in Afrikaans: as dit 'n slang was, het hy jou al lankal gepik.

'n Tipiese voorbeeld word deur Van Rijn genoem: „zo oud als de Weg van Kralingen is hier oud als de Kaapse pad.²⁾ Ander voorbeelde is:

Hgd. Er hat ein Herz wie eine Drossel; Afr. 'n hart soos 'n mossie.

Ndl. Mager als een ooievaar; Afr. so maer soos 'n kraai.

Ndl. Een leventje hebben als een koe in de peen; Afr. Lewe soos 'n ou-ooi in 'n lusernland.

Ndl. Wij zaten als haringen in eene ton; Afr. sit so styf ingeprop soos sardiens in 'n blikkie.

Ndl. De uil onder de vogels, de kraaien; Afr. voel soos 'n uil tussen 'n klomp mossies.

Ndl. Leven gelijk een vogel in 't kempzaad; Afr. leef soos 'n mossie in 'n daggasak.

Die verandering in die inhoud kan aan die ander kant die gevolg wees van 'n drang na aanskouliker of grappiger voorstelling. Dit is veral die geval by die vergelykingstipe: so min van iets weet soos . . . waar die Afrikaanse gesegdes meestal 'n grappiger uitbreiding of 'n parallelle voorstelling van die Nederlandse vergelyking is:

Ndl. sowel as Afr.: *Hy weet daar soveel van as 'n kat* (vark, os, koei, kraai) *van saffraan* (die kalender, sterrekunde, Saterdag, Latyn, Spaans, wafels bak).

Afrikaanse uitbreiding: *Hy weet daar soveel van as 'n aap* (hoender, bok, bobbejaan, pad) *van godsdiens* (politiek, weerlig, Krismis, 'n bors hemp, 'n aandpak).

, Vgl. ook: Ndl. *'t zo druk hebben als eene zeug met eene tepel*; Afr. *so besig soos 'n varksog met twaalf kleintjies*.

Ndl. *naar iets verlangen gelijk een hond naar lever*; Afr. *na iets verlang soos 'n windhond na 'n wors*.

Net soos die selfstandige woord is ook die spreekwoord of segswyse onderhewig aan betekeniswysiging. 'n Voorstelling is selde enkelvoudig, maar bevat verskillende kenmerke wat elkeen op sy beurt op die voorgrond kan tree. Die gees rig hom veral op wat Wundt noem die „im Blickpunkt der Aufmerksamkeit stehenden Partialvorstellung.“

Die persoon wat 'n vergelyking wil gebruik om bv. by die begrip **dronk** aan te pas, sal meer bepaald een sekere aspek van die **dronkenskap** met die spesiale geval assosieer. Hierdie nadruk op een bepaalde aspek van die begrip kan onbewus aanleiding gee tot die aanwending van spesiale vergelykinge wat aansluiting vind by die

¹⁾ Harreb. 1-316.

²⁾ C. J. van Rijn: **Het Nauwe Verband**

voorstelling wat vir die geval oorheersend is: **So dronk soos 'n dier** (om sterk afkeer uit te druk); **so dronk soos 'n blok hout** (vir iemand wat roerloos lê); **so dronk soos 'n horlosieslinger** (as die slingerbeweging sterk opval); **so dronk soos 'n tol, 'n galsiek skaap** (as meer bepaald gedink word aan die onvermoë om regop te bly of aan die onaangename draaisensasie in die kop); **so dronk soos Noag onder die prieel** (van iemand wat hom belaglik gedra); **voel soos 'n vis, papnat en lekkerlyf** (om op die meer gemoedelike aspek van die toestand te wys).

Ook al word dieselfde vergelyking gebruik, kan die ‚Gesamtvorstellung‘ wysiginge ondergaan insoverre die elemente waaruit die voorstellingsinhoud bestaan duideliker of skerper geappersipieer word. Dieselfde voorwerp kan selfs in die vergelyking gebruik word om teenoorgestelde begrippe uit te druk. Vgl. **tande soos mieliepitte** (mooi en netjies gevorm), **geel tande soos mieliepitte, sy tande lyk soos 'n sleggelaaide mieliekop**; **so gesond soos 'n vis, voel soos 'n vis—papnat en lekkerlyf** (daarenteen Ndl. *nuchter als een visch*); Ndl. **beenen gelijk pijpstelen** (lang en dun), Afr. **krom bene soos 'n pyp—steel** (waar die vorm van die voorwerp dien as uitgangspunt).

In Afr. **hy's nes 'n waterhond** het ons 'n tipiese voorbeeld van 'n vergelyking met 'n groot verskeidenheid van betekenis-nuanseringe wat die een uit die ander voortvloei. Die vergelyking sal oorspronklik wel geërf wees, soos blyk uit: Ndl. *nat als een waterhond*, Ndd. *nat as een Pudelhond*, Vls. „Op een omzien stond hij uit te lekken lijk een waterhond,”¹⁾ Ndd. *schuddelt sich ass 'n Pudelhond, de út 'n Water kummt*, Hgd. *er schüttelt die Ohren wie ein Hund, der Enten aus dem Wasser geholt hat*.

Afrikaans ken dieselfde voorstelling in **hy skud hom af soos 'n waterhond**. Dit gee aanleiding tot die voorstelling dat 'n persoon nes 'n waterhond alle moeilikhede van hom afskud, vgl. bv. „Ek het baing o'ereen gekom met 'n waterhond wat elke leed so gou as molik is weer afskud.”²⁾ Die mees algemene en mees verbreide betekenis van hierdie uitdrukking is gevolglik die van **jou skik na omstandighede, jou nie deur moeilikhede van stryk laat bring nie**; hieruit ontwikkel dan weer die betekenis van **dikvellig wees en lastig wees** (bv. Warden, Adelaide, Bethal). 'n Tweede reeks van betekenisse slaan totaal 'n ander rigting in, maar die ontwikkelingsgang is nie—temin duidelik na te volg: **swem graag: swem goed** (o.a. Heilbron, Carolina); **is woelig, lewenslustig** (o.a. Bethal); **is gesond** (o.a. Wepener, Tweeling); **taai, gehard teen siektes** (o.a. Wesselsbron, Wepeñer); **is dapper** (Pietersburg).

Die betekenis kan óf in Nederlands óf in Afrikaans in 'n figuur—

¹⁾ uit Pallieter.

²⁾ uit **Ons Klyntji**, 5-6.

like rigting ontwikkel, vgl. Afr. so oud soos die Kaapse wapad (op kinders toegepas wat oulik, gevat is).

Die onderskeid word duidelik as die volgende gevalle naas mekaar gestel word:

Afr. 'n mond soos 'n waenhuisdeur (letterlik groot, soms ook grootpraterig); Ndl. een mond als een schuurdeur (grof in zijn uitdrukkingen).

Afr. klou soos klitsgras (sit vas; van persone: is onafskeidelik); Ndl. zij hangen an 'kander as klissenkruid (zij zijn altijd eenswillend).

Afr. loop soos 'n eend (is dronk); Ndl. zij loopt als een vette gans ('n waggelende gang).

Afr. klap soos 'n sweep ('n harde knal); Ndl. het klappt als een zweep (stemt overeen).

Afr. sy sit asof sy nie pruim kan sê nie (beteuterd, skaam, verleë); Ndl. zij zet haar mond als of zij pruim wilde zeggen (dat zegt men van eene, die met gemaakte statigheid haaren mond in preutsche plooiën trekt, gelijkende naar die het woord pruim zullen uitspreken).¹⁾

Die verband is moeilik aan te toon in: Afr. voel soos Maljan onder die hoenders (enigste man tussen 'n aantal dames); Ndl. er in vallen als malle Jan onder de hoenders (er plomp invallen);²⁾ Gron. hij komt 'r in om as Maljan mank de hounder (hij slaat er in 't wilde).³⁾

In baie gevalle is alleen die vergelykende omskrywing geërf en het die gebruik daarvan uitgebrei of ingekrimp:

1) soos 'n padda ('n uil) op 'n kluit; Ndl. verheven als een pad op een kluit, hij stond daar te zien gelijk een uil op eenen kluit, kijken gelijk een uil op een kluit; Gron. zôk vermoaken as 'n pör op 'n klaikloet; Ndd. hei sitte as en Forsch op 'n Kaudreck; Afr. sit (voel, staan) soos 'n uil op 'n kluit, so eensaam (verbaas, verlate) soos 'n uil (padda) op 'n kluit.

2) soos 'n vark in 'n sinagoge: Ndl. Hij is gezien als een varken in een Jodenkeuken; Ndd. he es so wellkomen as en Ferken en en Jôdenhûs; Afr. soveel beteken as 'n varkwors op 'n Jodepiekniek, so welkom soos 'n vark in 'n sinagoge (op 'n Jodebruilof), so populêr (oorbodig) soos 'n vark in 'n sinagoge, so veilig soos 'n vark in Jerusalem.

3) soos 'n vis in die water; Ndl. leven als een vis in het water; Hgd. Gesund wie ein Fisch im Wasser; Ndl. nuchter als een visch, zwijgen gelijk een herpel in 't water; Afr. suip (lewe) soos 'n vis in die water; so gesond (tevrede, vrolik, vinnig, plesierig, stom, nat, tuis, fris, lewendig) soos 'n vis in die water.

¹⁾ Tuinman, bl. 84.

²⁾ Ndl. Wdb. 6-807.

³⁾ Molema 255.

4) soos in die maanskyn: Hgd. *er geht hochmütig wie der Frosch im Mondschein, er bellt wie ein Hund beim Mondschein*; Ndd. *he peddet as die Pogg im Mänschin*; Afr. so blink (kaal) soos 'n padda in die maanskyn; lyk soos 'n aap (Uilspieël) in die maanskyn, huil soos 'n hond in die maanskyn.

5) 'n mond ens. soos 'n wafelpan, 'n bakoond: Ndl. *een mond gelijk een oven*; Gron. *eene mond as 'n woafelpan*; Ndd. *er hat es Mühl wie e Bachofe*; Afr. 'n bek soos 'n wafelpan, groot ore soos 'n wafelpan ('n bakoond), 'n mond soos 'n bakoond, 'n knopneus soos 'n bakoond.

6) soos brode: Ndl. *Hij heeft een hart zoo dik als een brood*; Gron. *arms as poaskestroeten* (paasbrode); Afr. arms, voete, bene, boude soos boerbrode.

7) soos 'n gespande . . . : Gron. *loopen as 'n spandē hoaze*; Hgd. *er geht wie ein gespannter Hühnerhahn*; Afr. so stadig soos 'n gespande slak, draf soos 'n gespande perd, loop soos 'n gespande hoender, ens.

ENGELSE INVLOED.

Dit is geensins bevreemdend dat spore van Engelse invloed op elke gebied van die Afrikaanse taal aangetoon kan word nie. In die vrye, ongedwonge volkstaal val taalonsuiwerhede minder sterk op as in die meer presiese en korrekte kultuurtaal, en anglisistiese uitdrukkinge is gevolglik daar in groot getalle aanwesig. Treffende uitdrukkinge word letterlik vertaal en sonder meer in die omgangstaal opgeneem. Van die vergelykinge is daar sommige wat alreeds in breë kringe gangbaarheid verkry het, terwyl ander nog altyd 'n on-Afrikaanse kleur het en steurend op die taalgevoel werk. Van sulke uitdrukkinge is die Engelse herkoms so deursigtig soos glas, maar in baie ander gevalle kom 'n mens voor dieselfde moeilikhede te staan as die wat alreeds in die vorige afdelings bespreek is. 'n Gesig soos 'n begrafnis (vgl. 'n begrafnisgesig) kan bv. net sowel 'n selfstandige skepping wees, al ken ons Eng. *a face like a funeral*.

Letterlik uit Engels oorgeneem is bv.: so maklik soos botter en brood, so oud soos die heuwels, so veilig soos die rots van Gibraltar, so leeg soos 'n vat, so min hoop soos 'n sneeubal in die hel, so veilig soos die Bank van Engeland, so koel soos 'n komkommer, 'n snor soos 'n tandeborsel, so mooi soos 'n prentjie, so onafhanklik soos 'n kat, so veilig soos 'n huis wat afbrand (Eng. *as safe as a house on fire*), so eners soos twee ertjies, so dronk soos 'n Lord (vgl. Oxford Dict. 3-691), 'n gesig soos 'n oorgekookte poeding, lieg soos 'n goedkoop horlosie (via Amerikaans *to lie like a dollar watch*); moontlik ook Afr. lag soos 'n kat (Eng. *grin like a Cheshire cat*), so nugter soos 'n predikant (Eng. *as sober as a priest*), so dors soos 'n kameel, so senuweeagtig soos 'n rooimier (Eng. *as nervous as an ant*).

Die algemeen-bekende Afrikaanse vergelyking **so mal soos 'n haas** ('n rooihaas, 'n kolhaas) het waarskynlik ontstaan onder invloed van Engels **as mad as a March hare** (an old English saying derived from the fact that March is the rutting time of hares, when they are excitable and violent).¹⁾ Soos in baie ander gevalle is die volk ook hier nie meer bewus van die betekenisinhoud van die oorspronklike gesegde nie.

Selfs waar 'n parallelle of 'n soortgelyke vergelyking in Nederlands bekend is, kan die algemene gangbaarheid van die Engelse uitdrukking die gebruik in Afrikaans bevorder het.

Afr. **drink soos 'n vis** staan tog seker baie nader aan Eng. to **drink like a fish** (vgl. Murray 3-668) as aan Ndl. **drinken als een snoek** (van pasgeborene kindere, in Z. Ndl.) (vgl. Ndl. Wdb. 3-3379).

'n **Geheue soos 'n olifant** is ook in Nederlands bekend, maar die algemene verbreidheid daarvan sal meer te danke wees aan invloed van Eng. **an elephant never forgets** (deur die radio sowel as die rolprent deur middel van liedjies gepopulariseer).

'n **Geheue soos 'n sif** is letterlik die Engelse **a memory like a sieve**; tog word dieselfde voorstelling aangetref in Afr. **lek soos 'n sif** en Ndl. **het is zoo lek als eene teems**.

Daar hoef nie noodwendig verband te wees tussen Afr. 'n **lang gesig soos 'n vandisedonkie** en Eng. **a face like a horse** nie. Dieselfde geld vir Afr. **so doof soos 'n slang** naas Eng. **as deaf as an adder**; Afr. **so wild soos 'n valk** (vgl. Gron. **wild as 'n krai**) naas Eng. **as wild as a hawk**.

Vir Afr. **so waar soos vet** (Eng. **as sure as fate**) kyk by Malherbe, bl. 342; vir Afr. **so . . . soos die hel** wat vermoedelik onder Engelse invloed ontstaan het, vgl. hfst. 3-K.

¹⁾ Webster's International Dict. 894-7.